**HARTENBOS VAKANSIEDORP
HUISEIENAARSVERENIGING**

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 17
GEHOU OP 27 DESEMBER 2012 OM 09:00 IN DIE WALVISSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
71 Lede soos per presensielys.

**2. OPENING**

Die vergadering word deur Ds. P Voigt met skriflesing en gebed geopen.

**3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 16 GEHOU OP 27 DESEMBER 2011**

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

**4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS**

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

**5. VOORSITTER SE VERSLAG**

**5.1 WELKOM**

Baie welkom aan die lede teenwoordig. Dit word waardeer dat u tyd afstaan vir ŉ vergadering tydens vakansie, maar ons moet as Vereniging funksioneer en lede moet ingelig word en kans kry om hul menings te lug. Ons gaan nie so lank vergader as verlede jaar nie. Dis nie die bedoeling om u nie genoeg kans te gee om u sê te sê nie, maar ons voel dat dit belangrik is om sake wat by die Algemene Jaarvergadering tuishoort, hier te behandel en nie alle sake wat die Bestuur kan hanteer weer hier te resiteer nie.

**5.2 MEEGEVOEL**

Ons betuig hiermee ons meegevoel aan gesinne wat dierbares gedurende hierdie jaar verloor het. Benewens families wat lede aan die dood afgestaan het, dink ons ook wyer – aan diegene wat ekonomies swaarkry en op ander maniere deur die bitter kant van die lewe getref is en trauma ervaar het.
Die vergadering staan in meegevoel.

**5.3 BESTUUR**

U het reeds in die eerste nuusbrief vroeg in die jaar kennis geneem van die samestelling van die Bestuur.
Ek wil die Bestuur bedank vir hul entoesiasme, aangename samewerking, positiewe gesindheid, entoesiasme, ondersteuning, gereelde bywoning van

vergaderings en die bydraes wat hulle indiwidueel gelewer het gedurende die jaar wat verby is. Ek wil niemand uitsonder nie, maar ons staatmaker, Schalk van Vuuren, verdien weereens ŉ spesiale woord van dank en waardering. Hy het intussen oupa status verkry en ons kan hom gerus ŉ hand gee.
Baie dankie ook aan die eienaars wat dikwels hul waardering (soms ook kritiek) uitspreek teenoor die Bestuur. Opbouende kritiek is altyd welkom. Ons stel u belangstelling op prys en nooi u uit om intens deel te neem aan sake van belang – nie net hier nie, maar ook buite die vergaderings. U insette is van absolute belang en word so hanteer.
U was laasjaar deel van die besluite rondom die samestelling van die Bestuur. Daar is nou vir die eerste keer nege lede wat ingevolge die Grondwet op die Bestuur dien. Die Bestuur het gereageer op voorstelle dat lede sekere spesifieke funksies behoort te vervul en omdat pad-instandhouding en gepaardgaande aspekte ŉ prioriteit is, het ons een van die lede by name, Attie Goosen, in hierdie "portefeulje" gekies.
Erina Marais hanteer vir ŉ aantal jare reeds die bouplan-aansoeke en skakeling met die Munisipaliteit in hierdie verband.
Omdat daar nie ander areas was wat pertinente of dringende aandag nodig gehad het nie is niemand verder ŉ spesifieke portefeulje toegeken nie. Dit kan uiteraard na dese verander en die Bestuur sal <u>in elk geval enige eienaar met spesiale agtergrond raadpleeg</u>, alvorens onkoste aangegaan word om professionele advies van buite.

**5.4 SAKE VAN BELANG UIT BESTUURSVERGADERINGS GEDURENDE DIE JAAR.**

5.4.1 Die eerste vergadering was langer as normaal omdat ons twee eienaars te woord gestaan het wat die vervreemding van die stukkie grond in Saldanhaweg teengestaan het. Die aangeleentheid is deur die Munisipaliteit afgehandel, maar die Bestuur het kennis geneem van sieninge in die verband.

5.4.2 Op daardie stadium was die kontrakteurs reeds besig met die regmaak van Port Natal. Dis afgehandel net voor die Maart/April skoolvakansie. Die volgende strate wat aangepak is, was Diamantveld-wes en Kamdebo**,** soos u in die Nuusbrief van 17 Maart kennis geneem het. Beide hierdie projekte is afgehandel. Dit dien ook genoem te word dat ŉ aansienlike afslag by die kontrakteur, Marracon, beding is omdat ŉ paar strate terselfdertyd gedoen is en die kontrakteur se vestigingskoste aldus beperk is.

5.4.3 Daar is ook veranderinge aangebring by enkele spoedwalle wat nie volgens aanvaarbare standaarde gebou was nie. Dis kosteloos deur die kontrakteur reggemaak. (Oor spoedwalle wil ek net noem dat ek nog nie een spoedwal in die hele Mosselbaai kon kry wat aan die sg. algemeen aanvaarbare ingenieurs-standaarde voldoen nie. So, ons is die munisipaliteit nou een voor!)

5.4.4 Benewens die normale korrespondensie en kwessies wat deur die jaar hanteer is, was die onderhandelinge met die munisipaliteit van groot belang. Nadat die eerste poging hierdie jaar toe die munisipale bestuurder ŉ afspraak met Schalk en myself met ŉ paar uur kennis gekanselleer het, het ons ŉ ander benadering gevolg dmv kontak met die Premier waarop hulle wel gereageer het en ons het daarna ŉ afspraak met die Burgemeester en sekere amptenare gehad op 7 Mei.

**5.5 VERGADERING MET DIE BURGEMEESTER, RAADSLID, EN AMPTENARE**

5.5.1 Ons het hulle onder andere herinner daaraan dat ons 403 eienaars verteenwoordig en dat sommige hier plaaslik woon en stem.

5.5.2 Ons het die Raadslede en amptenare gewys op die omstandighede wat hul amptenare skep deur rekeninge te hef vir byvoorbeeld straatligte vóór die raad so ʼn besluit geneem het! Ons het vertoë gerig oor ander sake soos addisionele vullisverwydering gedurende die seisoen, verkeersprobleme, Paardekraalweg in die seisoen, die las van vliegtuig-geraas en die gevaar wat die vliegmasjiene inhou – en die belangrikste, die anomalie wat na ons mening bestaan met die eiendomsbelasting as in ag geneem word dat ons, ons eie strate onderhou.
(Dit was skokkend om te sien hoe oningelig die raadslede en sommige amptenare was en hoe hul, hul eie besluite ignoreer, vergeet en deurmekaar praat. Ek wil nie op detail ingaan nie, maar kan u verseker dat daar ʼn paar rooi gesigte op die vergadering was – en dit was nie ons sin nie.)

5.5.3 ʼn Opvolg-vergadering is onlangs gehou oor die aangeleentheid, maar ongelukkig moet ek u meedeel dat die vereniging se verteenwoordigers begroet is met niks minder as arrogansie nie. Die houding van die munisipaliteit amptenare, met inbegrip van die stadsbestuurder, was skokkend negatief. Hulle het ʼn verstarde siening en beweeg binne grense wat jammerlik tipies van amptenary en ten koste van belastingbetalers is. Ek verwys as voorbeeld na die verminderde belasting wat deur Vleesbaai betaal word omdat hulle vir sekere dienste self sorg. Dis presies waar daar na ons mening teen ons gediskrimineer word.

5.5.4 Ons het laasjaar met u die moontlikheid van regsoptrede bespreek en daarom het ons prokureur die vergadering ook bygewoon. ʼn Advokaat se mening is daarna verkry. Dit kom in kort daarop neer dat ons kanse op hierdie stadium nie baie goed is om sukses te behaal nie. Een van die redes is dat daar geen amptelik aanvaarbare beskrywing van ʼn “privaatdorp” bestaan nie.

5.5.5 Die Bestuur sal derhalwe graag insette wil ontvang indien daar van ons lede is wat diepte-kennis dra van privaatdorpe en spesifiek ondervinding het oor die regsaspekte daarvan. Ek wil u net weereens verseker dat hierdie Bestuur die Vereniging nie goedsmoeds in ʼn hofgeding sal dompel nie. Daar word deeglike huiswerk gedoen voor enige optrede en die aanwending van fondse – u geld. Dis egter nodig om ʼn ernstige anomalie uit te wys en reg te stel sodat ons ook in die voordele kan deel wat aan ander in soortgelyke omstandighede gebied word!

5.5.6 Die advokaat het aanbeveel dat ons nie afsien van ons siening nie, maar dit terughou totdat daar moontlik ʼn hofbeslissing kom wat meer duidelikheid oor die aangeleentheid bied en ons kan sterk in ons saak. Ons sal verdere aandag aan hierdie saak gee, al plaas ons dit effe opsy op hierdie stadium.

## 5.6 VLIEGTUIE

Ek het reeds genoem dat ons ook die vliegtuig-probleem bespreek het. Ons het die raad gevra om ons te steun met ʼn versoek aan Burgerlike Lugvaart om die vakansieoorde as “no fly zones” te verklaar. Die Burgemeester en amptenare was klaarblyklik “onwillig” om ons probleem te verstaan. Ek dink dis bloot omdat hulle nie in Karoodorp of Strydomsoord woon nie. Hulle gaan ook nie kerk toe in die amfi wanneer die brommers en muskiete tydens dienste oorvlieg en sukkel om weg te kom en alles ontstig met hul lawaai nie. Hulle dink ook nie daaraan dat honderde gasbottels sal ontplof as ʼn tuig neerstort en ʼn brand sou ontstaan nie of wat sal gebeur as een van die goed op ʼn vol strand val nie! Hulle besef ook nie dat klein kinders blywende skok-skade kan opdoen as die grootmenere op die strand land nie!
Ons het hulle daarop gewys dat daar reeds ʼn paar gevalle was waar vliegmasjiene geval het in die nabyheid – een op die dak van een van ons lede se huis – onlangs het ʼn ander teen drade vasgevlieg en homself en sy passasier amper bokveld toe gestuur. (Ek weet nie of daar ʼn ondersteunende skrywe deur

die raad gerig is nie, maar ons het wel ons eie sterk bewoorde pleidooi aan die lugvaart-owerheid gestuur.)
Ons sal ook die ATKV vra om ons in die verband te ondersteun.

**5.7 ATKV ONTWIKKELINGE**

5.7.1 Ons is deurlopend in skakeling met die ATKV oor gemeenskaplike sake. By geleentheid van ons Februarie vergadering het Mnr. Schalk Cilliers ons besoek en die beplanning wat die ATKV tans doen aan ons voorgelê. Hulle is besig met ŉ ontwikkelingsplan wat Hartenbos in die toekoms taamlik anders sal laat uitsien. ŉ Nuwe gebruikersvriendelike besigheidskompleks voor naby die see word beplan met bogrondse wandelpaaie en ondergrondse parkering. ŉ Aftreeoord in Hartenbos Heuwels is ook op die kaarte asook ŉ ontwikkeling op die MS Pienaar terrein. Verder word gekyk na ŉ geslote oord wat terrein E en F en die omliggende behuising insluit.

5.7.2 Die Bestuur het ons belang en betrokkenheid beklemtoon en die moontlikheid dat dele van die huiseienaars se gebied by die geslote oord ingesluit kan word. Ons het die wens uitgespreek om graag deurlopend deel van die beplanning te wil wees. Dit is nog alles in ŉ vroeë stadium, maar hopelik sal ons binnekort meer inligting kry.

5.7.3 Verdere punte onder bespreking was:

- Paardekraalweg in seisoentyd
- Heinings om karavaan parke – toegang uit Tugelalaan
- Mosegalaan

**5.8 KAROODORP**

5.8.1 Die Bestuur wil weereens bevestig dat die lede in Karoodorp self hul eie reëlings rondom die toemaak al dan nie, in die onderskeie strate moet tref. Van die Bestuur se kant is daar nou ŉ voorbeeld en norm gestel en ons verwag diegene wat ŉ straat wil toemaak, hierdie standaard sal handhaaf. Albert Grobler het ŉ netjiese en esteties aanvaarbare hek in sy straat opgerig en ons hoop ander sal die voorbeeld volg aangesien die plaashekke darem nie goed lyk nie. Ek wil hiermee ŉ beroep doen op die betrokke lede om die plaashekke te vervang.

5.8.2 Ten opsigte van hekke moet ons egter in ag neem wat die effek hiervan op die stadsraad se denkwyse is en die ontwikkelinge wat die ATKV beplan. As ons onsself toesluit, word ons ŉ sg. Gated Complex – wat implikasies het.

**5.9 PADINSTANDHOUDING**

Ek het vroeër gerapporteer oor strate wat herbou is en verwys na die program vorentoe waarvoor begroot is. Indien enige iemand nie daarmee saamstem nie of meer inligting wil hê, neem dit asb. met Attie op.

**5.10 BOUPLANNE EN BOUWERK**

5.10.1 30 bouplanne is gedurende die jaar goedgekeur waarvan 4 totale herbouings is. Waarop dui dit? Dit is ŉ baie sterk aanduiding dat eienaars gesteld is op ŉ hoë lewensstandaard en graag ons gebied wil verbeter. Mag ons almal saamwerk in die verband om ons beleggings te laat groei. Mense ek wil graag ŉ beroep op u doen om vooraf te verseker dat u nie geld verkwis deur iets onreëlmatigs op u erf

te bou of te plaas nie. Wendyhuise is ook onderworpe aan reëls. Neem kennis en skakel in by die goeie en algemeen aanvaarde norme – dis die basis van wette en regulasies en ŉ gesonde en harmonieuse samelewing – al kom ons vir slegs ŉ kort tyd elke jaar by ons vakansieplekke.

5.10.2 Op hierdie punt wil ek ook ŉ sterk pleidooi lewer dat ons, ons bure ten alle tye in ag sal neem en niks sal aanvang wat bots met goeie buurskap nie. Dink voordat u, u honde saambring, vra uself af waar gaan hierdie honde of brakkies blaf en hulself van hul node verlos? Dis dalk op u buurman se gras oorkant die straat!! – en dis mos nie bydraend tot goeie verhoudinge nie. U mag nie anderkant toe kyk nie, want u gaan baie omgekrap wees as u buurman sy graaf vol bolle op u voorstoep kom omkeer.

5.10.3 Terwyl ek nou besig is met ŉ sedeles, wil ek u samewerking vra ten opsigte van huurders. Maak asb. seker dat die gedragsreëls van die Vereniging by hulle beklemtoon word. U is dalk nie bewus daarvan dat huurders ŉ negatiewe invloed op u buurman se welverdiende rus en vrede het nie. Maak seker dat u die regte huurder kies en nie net die eerste ou wat bereid is om u tarief te betaal nie. U is dit aan u mede-eienaars verskuldig. My buurman se huurders – let wel – twee of drie gesinne in een klein huisie – breek my bome se takke af om hul Mercedes Benze in die skadu te kry en skiet hul laaste kanon-crackers af voor hulle op 2 Januarie om 4uur vm. weer die terugtog begin huis toe dis nie lekker nie – ou mense skrik en kleinkinders skree!

5.10.4 Beperk huurders tot een gesin met grootouers daarby. As ŉ huurder sy pelle moet saambring om jou prys te help betaal, dan gaan hy in elk geval ook niks voel vir jou huis nie. Laat hom ook vooraf weet dat hy sy boem-boem boxe, quadbikes en rasende offroads by die huis moet los. Daar is baie mense met goeie maniere wat plek soek in Hartenbos, kom ons konsentreer op hulle.

5.10.5 Die Bestuur het by verlede week se vergadering hierdie probleem en klagtes in die verband bespreek en besluit om Dr Dries du Toit, Bestuurslid, te versoek om ons gedragsreëls te hersien en na ander sake in die verband te kyk. Ons wil reëls hê wat in die toekoms streng toegepas kan en sal word tot voordeel van al ons eienaars. Ons wil die oord ŉ aangename en rustige plek maak en ontslae raak van elemente wat ons vrede bedreig.

**5.11 TUINDIENSTE**

Die tuindienste is op datum en word bevredigend gedoen. Kort voor die vakansie is daar weer gesny. Daar is ook op die regte tyd vir die MX duwweltjie en ander onkruid gespuit. Ons kan maar net hoop dat dit effektief was.

**5.12 SEKURITEITSDIENSTE**

Hierdie diens word oor die algemeen goed uitgevoer.
Ons was bevrees dat die loslaat van tronkvoëls aan die begin van die jaar ŉ probleem sou skep. Die vrees was oënskynlik onnodig want statistiek, wat bestuurslid Polisie-offisier Ras du Toit vir ons sal voorhou, dui daarop dat ons area goed beskerm word.

**5.13 VULLISVERWYDERING**

Daar is soos in die verlede weer gereël dat addisionele verwydering op Vrydae sal geskied om die onwillige munisipale diens aan te vul. Dis vir my ongelooflik dat die munisipaliteit ons nie tegemoet wil kom hiermee nie en ek dink nie dat hierdie saak sommer so gelaat gaan word nie. Ons is die gans wat jaar op jaar

goue eiers kom lê en word beledig deur die plaaslike owerheid deur hul weiering om aan ons 'n belangrike basies diens te lewer. Ons belastings en heffings is goed vir hulle, so ook die miljoene wat ons hier plaaslik inpomp, maar hulle sien nie hul weg oop om vir ons 'n ekstra verwydering te doen nie. Ek dink nie ons moet dit so aanvaar nie!

**5.14 SAMESTELLING VAN BESTUUR EN KOSTE VAN VERGADERINGS**

5.14.1 Dames en here hierdie bestuur kyk deurlopend skerp na finansies en uitgawes. Omdat die koste van Bestuursvergaderings baie gestyg het na die verkiesing van nege lede laas jaar, het ons ernstig besin oor maniere om daarop te bespaar. Ons het selfs die moontlikheid van 'n verandering aan die grondwet oorweeg om die getal lede minder te maak. Ons wil ook u gevoel daaroor toets omdat daar 'n mening bestaan dat 9 bestuurslede te veel is. Na my persoonlike mening was 'n Bestuur met 5 lede wat jare lank goed gefunksioneer het, voldoende. Ek sê nie dat die huidige samestelling of nege lede nie goed is nie, dis net veel duurder. U opinie sal waardeer word.

5.14.2 Ons kan u egter inlig dat ons intussen maatreëls getref het om uitgawes te besnoei. Ons het in die loop van die jaar een vergadering per telefoon gehou wat bykans geen koste meegebring het nie. Verder het ons op ons onlangse vergadering besluit om die getal vergaderings met 1 te verminder na 3 per jaar. Die Februarie datum is aangeskuif na die Maart skoolvakansie wanneer sommige lede in elk geval hier is. Daar sal steeds een vergadering per telefoon geskied. Dus sal ons slegs met die Maart-vergadering onkoste hê omdat meeste bestuurslede in elk geval hier is tydens die Desember vakansie wanneer ons die laaste vergaderings hou. Dit alleen sal 'n merkbare invloed op uitgawes hê. Telefoonvergaderings is egter nie die mees effektiewe nie omdat dit uiters onpersoonlik is en lede nie gemaklik kan kommunikeer nie. Ons gee dit egter 'n kans. Intussen kan u rustig wees daaroor dat ons sal toesien dat die Vereniging se belange nie geskaad sal word deur verminderde aantal vergaderings nie.

**5.15 ALGEMENE ADMINISTRASIE**

Ons vereniging het sy eie webblad. Alle inligting notules en omsendbriewe word daar geplaas. Ons konstitusie, huisreëls en finansiële state is ook daarop beskikbaar. Maak asb. gebruik hiervan. Al ons verwysings wys terug na ons erf nommers. Dis net die maklikste manier om alles te onderskei. As u nie die afgelope tyd epos van die vereniging ontvang het nie het ons nie u epos adres nie. Stuur dit aan na die volgende adres:

schalk@hartenboshuiseienaars.co.za en

Webblad

www.hartenboshuiseienaars.co.za

**5.16 BESPREKING**

5.16.1 Die saak van Karoodorp is verlede jaar hanteer en afgehandel.

5.16.2 Die ATKV se planne vir die ontwikkeling van Hartenbos is nog in die ontwerp stadium. Ons is verseker dat die ATKV inligtingsvergadering vir al die inwoners van Hartenbos sal hou sodra daar iets is om oor te rapporteer.

5.16.3 Lede moet betrokke raak by die wyksvergaderings van die stadsraad om insette

te gee oor die algemene stand van munisipale dienste en ontwikkelinge. Erina Marais verteenwoordig ons op die wykskomitee.

**6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING**

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. PKF George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

**7. STRYDOMSOORD HEKKE**

ŉ Voorstel deur mev. M Griesel word deur Dries du Toit toegelig. Die saak word op ŉ afsonderlike vergadering van die lede van Strydomsoord bespreek. Dries sal by die eerste bestuursvergadering terugvoer gee.

**8. VERKIESING VAN BESTUUR**

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die aantal nominasie val binne die riglyn van die konstitusie en al die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Martine Mynhardt – 082 457 4573
Dries du Toit – 083 270 4695

**BESLUIT**

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Lukie van Niekerk |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

**9. SLOTWOORD EN AFSLUITING**

9.1 Dames en here ek het op die eerste vergadering van die bestuur toe ek verkies is, aangedui dat ek die voorsitterskap op ŉ "instaan" basis aanvaar omdat ek persoonlik van mening is dat dit beter sal wees as die voorsitter permanent op Hartenbos woon. ŉ Wisseling van ampsdraers moet nie as ŉ teken van onstabiliteit of onsekerheid gesien word nie, maar as gesonde beplanning in die beste belang van die lede.

9.2 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan

elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal 'n aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2013 vir u 'n goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 10:15

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN .................................................................. OP**

**HIERDIE ................... DAG VAN ................................................................. 20 ................**

| | |
|---|---|
| **----------------------------------** | **..........................................** |
| **VOORSITTER** | **SEKRETARIS** |